Stella straat

Johannes 20:19-23

Die aanraking van God - Pinkster 2020

Adoramusdiens 31 Mei 2020

Geskryf deur Anton Pienaar

Die aanraking van God - Pinkster 2020

Kom ons begin ons meditatiewe diens met Sheila Cussons se enigmatiese gedig, *Die sagte sprong*. Dié gedig verwoord myns in siens dit waarvoor Pinkster staan: *die mistieke goddelike aanraking wat die mens ervaar*. In die gedig is dit duidelik dat Cussons nie net verwys na die verstandelike nie, maar ook na die emosionele ervaring van die mens. Wanneer jy dié aanraking ervaar, besef jy iets radikaals het met jou gebeur, en dat dit 'n aangename ervaring is. Lees die gedig 'n paar keer deur tot jy voel dat jy elke woord, en elke sinsnede, verstaan.

Die sagte sprong

Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: 'n aanraking van die verstand
lig soos 'n veer, vlugtig maar presies
en jy dink as sy ligtheid so is, so potent
dat die aandag nog lank daarna
die indruk behou, hoe moet sy vasvat wees?
Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: iets wat die bewussyn tot
in die lewe tref, iets soos 'n sagte sprong –
vreugde, verbasing, vreugde, herkenning:
hoe moet u vasvat wees?

Terwyl die woorde van die gedig in ons gemoed is, kom ons probeer met ons harte luister na 'n instrumentele weergawe van Leonard Cohen se *Hallelujah*.

https://www.youtube.com/watch?v=TT5u2xVEO5M

Die teks wat ons lees verwoord die aanraking van God wat Jesus se eerste volgelinge ervaar het. Lees Johannes 20:19-23.

Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deur gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!" Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien. "Vrede vir julle!" sê hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle ook." Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees! As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie."

Wat dink jy het die dissipels ervaar toe hulle besef Jesus is in hulle midde?

As ons weer aan Cussons se gedig dink, wat in hierdie skrifgedeelte is, wat was die dissipels se "verbasing"?

Kom ons word vir 8 minute stil en dink aan hoe God óns aangeraak het. In ons denke, maar ook in ons emosies.

Gloria Franchi het een van die mooiste weergawes van die slawelied, *Amazing Grace*, opgeneem. Dit is wat God se aanraking in ons veroorsaak, niks anders as Amazing Grace nie! Ons luister daarna en daarna word ons weer vir 2 minute stil voordat ons klaar is.

https://www.youtube.com/watch?v=NG0vH4WYChQ